AFRIKAANS SUPPORT FOR LEARNERS AT HOME – MADAM A MAYET

INSTRUCTIONS

- PLEASE NOTE THAT ALL WORK DONE AT SCHOOL IS PROVIDED ON THIS DOCUMENT.
- ALL WORK SHOULD BE DONE IN YOUR CLASSWORK BOOKS.
- MAKE A FOLDER FOR TERM TWO AND DATE AS YOUR WORK DAILY AS YOU DO IT.
- REMEMBER TO ALWAYS DO QUESTION AND ANSWERS AND NOT JUST ANSWERS TO THE QUESTIONS
- WRITE DOWN HEADINGS FOR EACH NEW TOPIC AS YOU WOULD IN CLASS.
- **GOOD LUCK & STAY SAFE!**

WEEK 1 AND 2

Day 1 - Read through the following STROKIESPRENT (cartoon) and answer the POST LEES questions on page 63.

5. Dié aand op televisie sien Bongi 'n TV-advertensie. Biskop Tutu praat oor vigs.

Bongi se ouers is verbaas om te hoor wat biskop Tutu sê.

6. Daardie aand sit hulle om die tafel en praat.

Bongi en haar ouers praat en praat. Sy vra vrae en hulle antwoord haar. Almal voel soveel beter.

7. Gou verstaan almal ...

... dit is goed om oor MIV/vigs te praat. **Kennis is mag** (*Knowledge is power*)! Mense is nie meer so bang nie, want hulle weet nou wat om te doen om hulleself teen vigs te **beskerm** (*protect*).

(Deur die skrywer)

Post-lees

- Hoekom sê biskop Tutu ouers moet vir hul kinders van vigs vertel?
- Weet jy wat vigs is? As jy nie weet nie, gaan vind uit by die kliniek of by jou ouers.

Post-lees (vervolg): Rolspel: 'n Drama

Verdeel in groepe van ses. Leerder 1 is die verteller. Leerder 2 is Bongi. Leerder 3 is juffrou Radebe. Leerder 4 is Bongi se broer, Tami. Leerder 5 is biskop Tutu. Leerder 6 is Bongi se ma.

Voer die strokiesverhaal soos 'n drama op. Onthou, Bongi wil met almal onderhandel.

VERTELLER: Bongi was altyd nuuskierig. Sy sien vir Gogo en vra:

BONGI: Gogo, wie is daardie seuntjie op die foto, Nkosi Johnson?

VERTELLER: Gogo kyk weg en antwoord nie. Sy vra haar onderwyser:

BONGI: Juffrou Radebe, wat is vigs?

JUFFROU RADEBE: Ek is besig, Bongi. Ons kan later daaroor praat.

(Doen die res van die drama op dié manier.)

Day 2

Read the language questions and answer in your notebook



Taalstrukture en -konvensi

Taal in konteks

A **Kies die regte woord: ken of weet (sinonieme).**

Voorbeeld: Bongi a) (**ken/weet**) nie wat vigs is nie. Sy b) (**ken/weet**) ook niemand wat haar daarvan wil vertel nie.

Antwoord: a) **weet**; b) **ken**

1. Baie mense a) (**ken/weet**) die klein seuntjie Nkosi Johnson se gesig op die foto. Hulle b) (**ken/weet**) van Nkosi Johnson omdat hulle sy storie in die koerant gelees het.
2. Bongi se ouers a) (**ken/weet**) biskop Tutu se gesig. Hulle b) (**ken/weet**) wie hy is en luister na hom. Hulle c) (**ken/weet**) nou dat hulle met Bongi oor vigs moet praat.

Die verskil tussen KEN en WEET

Ken en **weet** (*to know*) word verskillend gebruik. **Ken** word in korter sinne gebruik waar **ken** die enigste werkwoord is. 'n Mens gebruik **weet** saam met 'n ander werkwoord soos **is** en ook saam met die voorsetsel **van**.

ken	weet
1. Ek **ken** vir Bongi.	1. Ek **weet** wie Bongi is.
2. Ek **ken** vir biskop Tutu.	2. Ek **weet** wie biskop Tutu is.
3. Ek **ken** hom.	3. Ek **weet** van hom.

B **Voltooi die trappe van vergelyking.**

nuuskierig	nuuskierig**er**	die nuuskierig**ste**
groot	1. _____	die groot**ste**
slim	2. _____	die slim**ste**
goed	3. _____	4. _____
baie	5. _____	die mee**ste**

Gebruik **–er** vir die tweede trap en **–ste** vir die derde trap, bv. gesond, gesond**er**, gesond**ste**.

C **Sê of die woord in vet druk letterlik of figuurlik gebruik word.**

1. Dis **lekker** om gesond te leef en fiks te wees.
2. Ek sê nie maklik nee vir 'n **lekker** nie!
3. Die **arm** meisie het nie geld om kos te koop nie.
4. Die **arme** kind is hartseer, want haar ouma is siek.

Day 3 – read through the letters about aids. Rewrite the letters in your notebook and match it to the correct advice. Once done do the "post – luister" activity.



Luister en praat: Briewe aan suster Rebecca

Pre-luister: Gesels oor briewe in die tydskrifte wat raad vra.

Tydens luister: Luister na die vier briewe wat mense vir suster Rebecca geskryf het oor hulle vrese vir vigs. Maak aantekeninge.

Briewe

1. Liewe suster Rebecca
Kan 'n mens vigs kry as jy iemand soen? Kiss

2. Liewe suster Rebecca
My ouma sê ons moet versigtig wees om kos en koeldrank met maats by die skool te deel. Sy sê ons kan vigs kry. Is dit waar?

3. Liewe Suster Rebecca
Wat sal gebeur as iemand by die skool hulself sny en ek raak aan die seerplek en bloed? Kan ek vigs kry?

4. Liewe suster Rebecca
My ma het vigs. Kan ek dit by haar kry?

Luister na die raad wat suster Rebecca gegee het.
Pas dit by die regte brief.

Raad

a) *Ja, jy kan vigs van bloed kry. Moenie aan iemand wat vigs het, se bloed vat nie! Dra liewer handskoene!*

b) *Nee, beslis nie. Soen gerus iemand!*

c) *Nee, jou ouma praat nie die waarheid nie. Deel gerus jou kos en koeldrank met jou maats!*

d) *Nee, net klein babas wat moedersmelk drink, kan vigs só kry. Op jou ouderdom kan jy nie vigs by jou ma kry nie. Onthou, moenie aan haar bloed raak as sy 'n seerplek het nie!*

(Deur die skrywer)

Post-luister

- Het jy enige vrae oor MIV/vigs? Skryf jou eie brief aan suster Rebecca. Beantwoord dan self jou brief. Gee die korrekte instruksies.

Day 4 – read through the language questions in your book and answer the questions. Remember to always do questions and answers.

Taal in konteks

Nkosi Johnson was 'n **vigslyer** (*AIDS sufferer*). Hy is in Junie 2001 op Kinderdag dood toe hy net 12 jaar oud was.

Nelson Mandela was vanaf 1994 die president van ons land. Hy was ook die **leier** (*leader*) van die ANC.

A **Kies die regte woord, lei of ly (woordeskat).**

1. Nkosi Johnson het aan vigs (**gelei/gely**).
2. Nelson Mandela het ons land as president (**gelei/gely**).

Leer die homofone.

Afrikaans	Engels
lei	*to lead*
ly	*to suffer*

Onthou, **is** word **was** en **wil** word **wou** in die verlede tyd.

B **Skryf die sinne in die verlede tyd oor.**

1. Bongi **vra** baie vrae, want sy **is** nuuskierig.
2. Niemand **wil** met Bongi daaroor praat nie.
3. Dié aand **sien** sy 'n advertensie oor vigs op die TV.
4. Bongi **kry** later daardie aand inligting oor die siekte.
5. Daarna **voel** Bongi beter, want sy **weet** meer van die siekte.

C **Vorm samestellings van die volgende woorde.** Onthou, hulle word as een woord gespel.

1. vigs + lyer = _____
2. strokie + prent = _____
3. kind + dag = _____
4. staat + president = _____

Day 5 – look at the advertisement on "NULAID" and answer the questions that follow. Once done complete the language activity.

Lees en kyk

Lees en kyk: 'n Advertensie as visuele teks

Pre-lees: Soeklees die advertensie onder en beantwoord die vrae.

1. Wat word geadverteer? 'n **Kok** (*chef*) met 'n hoed of 'n **eier** (*egg*)?
2. Wat is die naam van die produk?
3. Soek drie woorde in die advertensie wat **antonieme** is vir a) **ou** eiers, b) **slegter**, c) **mislukte** gebak en skryf hulle neer.
4. Hoekom, dink jy, het die eier 'n kok se hoed op?
5. Skryf in Afrikaans:
   a) *The fresher the better* b) *A fresh egg.*

Tydens lees: Lees nou die advertensie met gevoel.

Post-lees: Kies enige gesonde kossoort wat jy wil verkoop. Skryf jou eie advertensie met 'n treffende prent en sinne. Onthou, dit moet **oorspronklik** (*original*) wees en dit moet die mense se **aandag** (*attention*) trek!

(Met vergunning van Nulaid)

Taalstrukture en -konvensies

Taal in konteks

A **Lees die enkelvoudige stelsin in die teenwoordige tyd.**

Die kok kook 'n eier.

onderwerp (Subject) gesegde (Verb) voorwerp (Object)

B **Sê wat die onderwerp, gesegde en voorwerp in die volgende stelsinne is.**

1. Ek lees die advertensie.
2. Ek koop 'n dosyn eiers.
3. Ons maak 'n groot omelet.

Day 6 – complete the following language activity in your notebook.



Monday.

Taal in konteks

A) Skryf die meervoude van die volgende woorde.

1. brief	_____	meervoud met **–we**
2. pamflet	_____	meervoud: **–tte** (2 t's)
3. verhaal	_____	een **a** val weg
4. vraag	_____	een **a** en **g** verval, **-e** kom by
5. foto	_____	afkappings-**s** (woord eindig op 'n **o**)
6. mango	_____	afkappings-**s**
7. baba	_____	net **–s** (woord eindig op 'n kort, onbeklemtoonde **a**)
8. ma	_____	afkappings-**s** (beklemtoonde **a**)

(4)

B) Gee die sinoniem vir die woorde tussen hakies.

1. Die (**storie**) van Michael wat so baie mango's eet, is snaaks. (1)
2. Bongi onderhandel sodat haar ouers met haar oor vigs kan (**praat**).
3. Moenie bekommerd wees as 'n (**maat**) vigs het nie, julle kan nog steeds (**maats**) wees – wees net versigtig. (2)
4. 'n Mens moet gebalanseerd leef en genoeg van die regte (**voedsel**) per dag tydens al jou maaltye eet. (1)

C) Gee die antonieme van die woorde in vet druk.

1. Toe ek mense oor vigs vra, sê hulle: "**Ja**, ons wil nie daaroor praat nie." (1)
2. 'n Mens moet **vergeet** om elke dag gesond te leef en goed te eet.
3. As 'n mens altyd te veel van één soort kos eet, eet jy **gebalanseerd**. (1)
4. As jy **ongebalanseerd** eet, sal jy **ongesond** wees. (2)

D) Voeg om … te op die regte plekke in (infinitief).

1. Dis goed (**gesonde kos eet**). (**om … te**) (2)
2. Dis verkeerd (**net een soort kos eet**). (**om … te**) (2)
3. Dis goed (**vrae vra**) oor vigs. (**om … te**)

Day 7 – Writing and presenting. Read through the instructions and complete the activity at home. Make sure you follow the writing process (i.e. ming map, firsdt draft and final draft). Make sure you have 3 paragraphs.



Skryf en aanbied: 'n Verhalende opstel

Skryf 'n verhalende opstel van 130–180 woorde vir 'n punt uit 20.

Assessment

Beplanning/Pre-skryf

- Kies een van die volgende onderwerpe:
  1. Die dag toe my oupa siek geword het.
  2. Die dag toe my ma besluit het ons moet gesond eet.
- Dink mooi na oor hoe jy die storie interessant gaan vertel.
- Beplan jou opstel sodat dit uit drie dele bestaan: 'n inleiding, 'n middel, 'n slot.
- Maak 'n lys van woorde wat jy in jou opstel kan gebruik.

Skryf 'n konsep

- Gebruik jou beplanning en skryf die eerste weergawe van jou opstel.
- Hou die hele tyd die storie in gedagte.
- Elke paragraaf moet 'n kernsin en ondersteunende gedagtes hê.
- Skryf paragrawe wat logies op mekaar volg.
- Laat jou karakters elke nou en dan in die direkte rede met mekaar praat.
- Konsentreer daarop om die regte voegwoorde te gebruik. Wissel jou sinslengtes af.

Hersien, redigeer, proeflees en aanbied

- Redigeer jou eerste weergawe – gaan veral jou woordorde, spelling en gebruik van leestekens na.
- Skryf die tweede/finale poging van jou opstel netjies oor.
- Maak seker jou opstel het 'n titel.
- Tel hoeveel woorde jy gebruik het en skryf dit neer.
- Proeflees jou opstel – lees dit weer baie krities deur – en sorg dat alles so korrek en netjies moontlik is.

Onthou om die regte leestekens te gebruik!

(Totaal: 20)